# SONDAGSKOOL LES: 1.Die Bybel - Inleiding

**Doel van les:**

- Inleiding in ons reeks oor die Bybel. Hierdie reeks is aangepas uit Kids Sunday School Place.

**Videosnit: Advertensie**
https://www.youtube.com/watch?v=wapLaF5jmrU

**Aktiwiteit:**

Noudat ons lekker saam gelag het, wil ek julle uitdaag om julle eie advertensie te maak. Die hele groep moet deelneem en die produk wat julle vandag moet adverteer is die Bybel. Ek gaan julle so 15 minute gee om aan julle advertensie te werk en dan gaan julle dit kom opvoer.

**Vrae nadat al die advertensies opgevoer is:**

1. Is die Bybel 'n maklike produk om te adverteer? Hoekom/hoekom nie?
2. Hoe dink julle sal meeste mense reageer op hierdie advertensies van julle?
3. Hoeveel sal jy betaal vir die Bybel?

Ons gaan hierdie jaar heelwat gesels oor die Bybel. Ons gaan die Bybel beter leer ken, en vir die van julle wat die Bybel dalk nie so lekker verstaan nie, help sodat jy jou Bybel beter kan gebruik. Julle gaan leer hoe belangrik dit vir ons as kinders van God is om elke dag tyd te maak vir Bybel lees, en ek hoop dat dit julle sommer sal inspireer om al hoe meer julle Bybels te gebruik.

Sluit af met gebed in groepe.